WEEK VAN GEBED 2025

JESUS SE GEBEDE



CLIFFORD HEYS

INHOUD

Voorwoord 1

Dag 1: Jesus bid ’n Dankgebed vir die Eenvoudiges 2

Dag 2: Jesus bid die Hoëpriesterlike Gebed 6

Dag 3: Jesus bid om Versoening 10

Dag 4: Jesus bid die Gebed van God-Verlatenheid 13

Dag 5: Jesus bid Sy laaste Gebed 16

Dag 6: Ons bid die Ons Vader 19

VOORWOORD

Dr. Clifford Heys, ’n welbekende en geliefde leraar, het sy bediening afgesluit as leraar by die NG Gemeente Stellenbosch. Tans geniet hy sy aftrede in Hermanus, waar hy sy dae vul met staproetes en skryfwerk. Hy preek ook steeds gereeld. “Oom” Clifford se nuwe boek oor aftrede en om jou sake in orde te kry, sal binnekort beskikbaar wees by CLF.

Hierdie Week van Gebed-reeks fokus op Jesus se gebede. Clifford behandel diep en betekenisvolle temas en sluit die week af met die Ons Vader-gebed. Ons is opgewonde oor hierdie reeks en vertrou dat dit, soos elke jaar, geestelike vrugte sal dra en van waarde sal wees vir gemeentes se jaarlikse Week van Gebed, waar hulle die jaar begin met bidure, eredienste, byeenkomste, en Bybelstudies. Elke preek sluit af met nadenke-vrae wat gebruik kan word deur selgroepe, gesinne, Kerkrade of individue.

Voorspoed vir 2025, en geniet die reis deur Jesus se gebede deur die oë en wysheid van Clifford Heys.

Groete
Mias van Jaarsveld
Redakteur

DAG 1

JESUS BID ’n DANKGEBED VIR DIE EENVOUDIGES

Skriflesing:
Matt. 11v19-20 en 25-26

Teks:
“*Ek prys U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het*” (Matt. 11v25-26).

Boodskap:
Jesus het ook soms moedeloos geraak met mense wat oogklappe aangehad het. In Mattheus 11:20 lees ons hoe Hy die mense verwyt en hulle kwalik neem vir ‘n groot fout. Maar Jesus was nie alleen in sy teleurstelling nie. Deur die geskiedenis heen sien ons vele voorbeelde van mense wat oogklappe aangehad het of rampspoedige besluite geneem het:

- **In 1975** het Steve Sasson, ‘n ingenieur by Kodak, die eerste digitale kamera ontwerp. Maar die maatskappy het besluit daar is geen toekoms in digitale fotografie nie en by film bly. ‘n Flater! (*Hulle kon nie voorsien dat hierdie besluit groot verliese vir Kodak sou inhou nie.*)

- **In 1936 en 1937** het Stalin duisende Woordverkondigers in Rusland óf laat verban óf summier laat doodskiet. Daarna het Khrushchev dit onwettig gemaak om die evangelie met kinders te deel. Die Kommunistiese regime wou die ideologie suiwer hou van die Evangelie, wat Karl Marx die “opium van die volk” genoem het. ‘n Flater! (*Hulle sou nooit kon droom dat Boris Jeltsin in 1991 sou erken dat die Christelike geloof die Kommunistiese ideologie oorleef het nie. En dit danksy die oumas – die “babushki” – wat hul kleinkinders onwettig van die evangelie geleer het.*)

- **In 1949** het die Chinese Kommunistiese Party China tot ‹n ateïstiese staat verklaar. Gelowiges is vervolg, en dit het gelyk of die Kerk se einde aangebreek het. ‹n Flater! (*Vandag is daar minstens 68 miljoen Christene in China. Mao Zedong sou nooit kon droom dat die lande waar die Kerk tans die vinnigste groei, insluit Nepal (10.93%), China (10.86%), en selfs Moslemlande soos die Verenigde Arabiese Emirate (9.34%) en Saoedi-Arabië (9.27%), sou wees nie.*)

Selfs Jesus was nie vir almal aanvaarbaar nie – ondanks Sy goeie dade en wonderwerke. Dit was juis die Skrifgeleerdes en Fariseërs, die geleerdste geestelike leiers van die tyd, wat Hom verwerp het. Hulle, die gerespekteerde manne van aansien, het ‘n Messias verwag, maar Jesus het nie aan hul verwagtinge voldoen nie. Vir hulle was Hy bloot ‘n vraat, ‘n wynsuiper, en ‘n vriend van tollenaars en sondaars. Hulle het Hom gesien as iemand wat in die verkeerde geselskap verkeer (Matt. 11:19). Dit was egter veel meer as net ‘n fout – dit was ‘n tragiese miskenning van wie Hy werklik was. Hulle het oogklappe gedra en het eintlik minder gesnap van God se genade as die “eenvoudiges” wat hul so maklik veroordeel.

Jesus se teleurstelling was tasbaar, en Hy het die mense verwyt omdat hulle hul nie bekeer het nie (Matt. 11:20). Tog, juis in hierdie oomblik van teleurstelling, draai Hy na Sy Vader en bid: *“Ek prys U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het”* (Matt. 11:25-26).

Hierdie gebed van Jesus is een van die minder bekende gebede. Dit is spontaan en vanuit die oomblik gebore. Jesus het nie ‘n berg uitgegaan om alleen te bid nie – sommer tussen die mense roep Hy Sy dankbaarheid uit: “Dankie, Vader, vir die eenvoudiges onder ons.”

In plaas daarvan om Homself af te sonder ná teleurstellende resultate in Sy bediening, dank Hy Sy Vader vir die “eenvoudiges” wat na Hom toe kom. Hierdie houding is ‘n kragtige les vir ons almal.

Die woord “eenvoudiges” kan baie neerhalend klink, maar eintlik verwys dit na die gewone mens op straat wat goedgelowig en soms naïef glo; die nederige, sout van die aarde mense wat soms ongesiens verbygaan en nie noodwendig erken word nie. Maar dit is eintlik die mense wat op voetsoolvlak ‘n verskil maak. In Engelse vertalings word “little children” gebruik om hierdie idee te beklemtoon. Daar is ‘n besondere krag in eenvoudiges – die geringes, die onbelangrikes, die mense uit die marges. Iemand het opgemerk dat hulle soos sneeuvlokkies is: op hul eie is hulle gering, maar saam kan hulle verkeer tot stilstand bring. Dit is wat Jesus geweet het.

‘n Voorbeeld hiervan is te sien in Bloemfontein by die imposante Tweetoringkerk, waarvan die hoeksteen in 1878 deur president JH Brand gelê is. Eens was dit die kerk van die stad se elite – parlementslede, ministers, besigheidsmanne en akademici. Maar namate die stad gevaarliker geword het, het die middelklas na die voorstede verhuis, en die kerk het haar tradisionele lidmate verloor. Baie het gedink die gemeente sou sy deure sluit. Maar toe val die sneeuvlokkies ... Vandag is die Tweetoringkerk ‘n dinamiese en bedrywige gemeente, oop vir almal. Die lidmate is mense van die staat – die gebrokenes, haweloses, en werkloses. Hierdie mense het nou ‘n tuiste gevind in die kerkbanke. Die arbeid van eenvoudiges – die mens wat almal uit gewoonte onderskat – het ‘n groot verskil gemaak. Die kerk staan vandag bekend as “Torings van Hoop”.

Dit is eintlik iets wat ons regdeur die Bybel raaksien: Dit is die gewone, eenvoudige mense wat aan wie die skat van die evangelie toevertrou is; die is die nederige mense wat deur ander onderskat word wat geloof het met impak en wat werklik Jesus se boodskap snap.

Die dominee bid, soos Jesus: *"Ek prys U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het" (Matt. 11:24-25),* vir die klein kindertjies aan wie die Koninkryk behoort.

Dit bring ons by diep vrae:
Hoe lyk 'n *Kruiskerk*?
Hoe lyk 'n *Broodkerk*?
Hoe lyk 'n kerk wat dissipels maak, bekeerlinge doop, en Jesus se kinders leer?
Hoe lyk 'n *Christus-kerk*? (Matt. 28:18-20).

Hoe bid ons spontane dankgebede?

1. **Prys die Vader vir Sy openbaring aan die eenvoudiges en nederiges:**
   Ons prys U, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan ons, wat in eenvoud lewe, bekend gemaak het (Matt. 11:25).

2. **Dink aan gemeentes wat swaar trek:**
   Dink aan gemeentes wat in moeilike tye moet oorleef. As jy by so 'n kerkgebou staan, kyk op na die kerktoring wat stil en tog luid wys na Jesus Christus, die Hoof van die Kerk. Bid en dank die Here dat Hy Sy Kerk in stand hou, selfs wanneer die omstandighede uitdagend is.

3. **Dank die Here vir diensbare gelowiges:**
   Here, ons dank U vir die talle gelowiges wat, dikwels ongemerk, hul tyd, talente en liefde gee om ander te dien. Hulle is soos die vroue wat Jesus in Sy bediening ondersteun het – soos Johanna, wie se man by Herodes gewerk het en moontlik selfs die koning se middele gebruik het om Jesus en Sy dissipels te versorg (Luk. 8:3 – "*Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg*").

4. **Dank vir sendelinge en hulle werk:**
   Ons loof U vir sendelinge en kruisplanters wat oor grense gaan om die lig van die Evangelie te bring. Soos U 'n kruis op Golgota geplant het, plant hulle kruisgetuienisse wat die wêreld verander. Ons dink aan die Romeinse soldaat wat ná Golgota uitroep: "Hierdie man was waarlik die Seun van God" (Matt. 27:54).

5. **Dank vir barmhartigheid in aksie:**
   Ons dank U vir elke sopkombuis, waar die liefde van Christus deur brood en sop uitgedeel word. Dankie vir elke persoon wat hierdie bediening ondersteun, want hulle is die hande en voete van Jesus in 'n gebroke wêreld.

In die woorde van Matteus 11:25-26:

"Ek prys U, Vader, Here van die hemel en die aarde,
dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het
en dit aan die nederiges van hart bekend gemaak het."

En bemoedig mekaar met hierdie seëngroet:

"Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal!" **(Opb. 22:21).**

Vrae vir refleksie en gebed:

1. Hoe kan ek vandag 'n draer van hoop en bemoediging wees?
2. Watter nederige roeping plaas die Here tans in my hart?
3. Hoe kan ek prakties help om God se Koninkryk uit te bou in my gemeenskap?
4. Wie het ek dalk onwetend oor die hoof gesien en hoe kan ek hulle in liefde ondersteun?
5. Wat beteken dit vir my om die Evangelie in eenvoud te leef en te deel?

Temas vir gebed:

1. Bid vir die volharding van gemeentes wat moeilike tye beleef.
2. Dank die Here vir gelowiges wat onbaatsugtig dien in hul gemeenskappe.
3. Bid vir sendelinge en hul families wat getrou die Evangelie uitdra.
4. Bid vir genesing en barmhartigheid in areas waar fisiese en geestelike nood groot is.
5. Dank die Here dat Hy 'n lig bring deur die eenvoud en nederigheid van gewone mense se lewens.

DAG 2

JESUS BID DIE HOËPRIESTERLIKE GEBED

Skriflesing:
Joh. 17v1-2 en 20-23

Teks:
"*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.*" (Joh. 17v21)

Boodskap:
Johannes 17 staan bekend as Jesus se "*Hoëpriesterlike Gebed"*.

Hoekom die "*Hoëpriesterlike Gebed"*?
Of anders: Wat doen die Hoëpriester?

Die Hoëpriester word geken aan sy kleredrag:

- Op sy skouers dra die Hoëpriester twee oniksstene met die name van die 12 stamme daarop. Dit sê vir die volk hy dra die volk se laste op Sy skouers.
- Teenaan sy bors is daar 'n borsplaat met die 12 name in edelgesteentes gegraveer. Dit sê vir die volk hy dra die volk na aan die hart.

Die Hoëpriester is die brug tussen God en Sy mense. Hy hou sy ore by die volk se mond en hoor die volk versugtinge en klae. Dan gaan hy na die Here en hy hou sy mond by God se oor en vertel die Here van die volk se versugtinge en klae. Die Hoëpriester is die brug tussen God en mens. Jesus was so 'n volmaakte Hoëpriester (Hebr. 7v28).

En nou bid Jesus die Hoëpriesterlike Gebed.

- Jesus bid eers vir *Homself* (17v1-5). Hy besef Sy tyd het gekom, en nou bid Hy dat Vader Hom tog sal verheerlik, want Hy het Sy opdrag getrou uitgevoer. Sy taak is voltooi. (The Message van Eugene H. Peterson vertaal "*Father, it's time. Display the bright splendor of your Son*".
- Daarna bid Jesus vir Sy *dissipels* (17v6-19). Hy bid vir hulle beskerming. Hy bid dat hulle van die Bose bewaar moet word.
- En dan bid Jesus vir die *kerk* (17v20-26). Hy bid en vra vir die eenheid van die kerk en Hy kwalifiseer dat die kerk een moet wees soos Hy en Sy Vader een is.

Hoekom is die eenheid van die kerk so belangrik?

Jesus bid vir die *eenheid* "sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het" (17v21). Die *eenheid* moet vir die wêreld sigbaar wees. Die wêreld moet die *eenheid* kan sien en beleef. Die groot Mahatma Gandhi was 'n Hindoe, maar die Bybel was vir hom 'n heilige boek. Hy het getrou Jesus se bergpredikasie gelees en is daardeur gevoed. Maar toe iemand hom vra waarom hy dan nie by die Christelike kerk aansluit nie, was sy antwoord: "Watter kerk?"

Hoe belangrik is die *eenheid* van die kerk?

Eerstens, *die eenheid is die wil van God*. Die eenheid is nie 'n ideaal nie – dis 'n gegewe, dit is wese van die kerk. Ons bely tog ons geloof *aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges*". En dit is juis waarvoor Jesus bid. Paulus het 'n brief geskryf aan die gelowiges is Rome. As Paulus vandag 'n brief sou geskryf het aan die gelowiges in jou dorp of stad, by watter gemeente sou die brief afgelewer word ....? (*Dit laat mens dink*?)

Ons sien vandag hoe verdeeld die kerk is. Dis asof die Bose Een met 'n skêr die Here Jesus se kerk kom versnipper het in talle "splinterkerke" wat nou uit 'n teologiese haat mekaar verketter. Die een het die doop, die ander die wegraping; nog een het die uitverkiesing, en dan is daar nog hulle met die pannekoeke en piëtiste die het die Heilige Gees. En vandag se versnipperde kerke steek die Koning van die Kerk in die skande! Die verdeeldheid binne is kerk is 'n skande waaroor ons moet huil want in 1 Kor. 12v12 sê Paulus dat ons ondanks die verdeeldheid, tog een móét wees.

En wat maak ons met die verskille wat ons verdeel?

Op hierdie vraag antwoord Paulus dat hy ter wille van eenheid vir die Jood soos 'n Jood sal word vir ter wille van die swakker, soos 'n swakke (1 Kor. 9v19-23). Só sal hy Jode en swakkes vir Christus wen!

Daar is 'n pragtige verhaal wat hierby aansluit. Tydens die Tweede Wêreldoorlog, in die berge van Italië, het drie soldate uit 'n kamp ontsnap. Een van hulle was egter swaar gewond en sterf. Die twee oorblywende makkers sien 'n kerkie in die berg en klop daar aan vir hulp. Hulle vra die priester: "Sal u asseblief ons makker begrawe?"

Die priester vra: "Is hy Katoliek?"

Sy vriende antwoord: "Nee..."

"Dan sal ek hom net buite die kerkie se kerkhof begrawe, nie binne die kerkhof nie," sê die priester. So gesê, so gedaan.

Ná die oorlog gaan besoek die twee vriende hul oorlede vriend se graf, maar hulle kry dit nêrens nie. Die priester is steeds daar en verwelkom hulle hartlik. Hy neem hulle na die graf – wat nou binne die kerkhof is! Die twee vriende verstaan dit nie. Die priester bely toe: hy was skaam oor sy kerkistiese gedrag en het die kerkhof se grensdrade verskuif om die Protestant se graf in te sluit.

"Ons is tog een familie," sê die priester apologeties.

Ek wil afsluit met die gedagte: Daar is nie ’n *gebod tot eenheid* in die Bybel nie, maar wel ’n *gebed om eenheid*. En dit is Jesus se “Hoëpriesterlike Gebed”. En hiervoor moet ons bid:

Hoe bid ons Hoëpriesterlike Gebede?

1. **Ons moet eers skuld bely**.
   Ons kan nie Jesus se gebed tot eenheid bid sonder om ons skuld te bely nie. Daar was in die kerk soveel jammerlike twiste (kom ons noem dit by die naam: ’n *teologiese haat*, die sogenaamde *odium theologicum*). As dit vandag nog relevant is, bely dit voor die Here en stuur ’n afgevaardigde namens jou kerk/gemeente om namens jou gemeente vir die ander om vergifnis te vra. Gee mekaar die broederlike handdruk.

2. **Bid vir nuwe oë.**
   Bid dat die Heilige Gees ons sal lei om met nuwe oë na mekaar te kyk. Bid dat ons ons medemens sal sien nie as mense met ’n verlede nie, maar as mense met ’n toekoms saam met Jesus!

3. **Lees die Bybel met ’n nuwe blik.**
   Bid dat die Heilige Gees ons sal lei om met nuwe oë die Bybel te lees, want ’n Bybel wat gelowiges verdeel en in aparte kampe injaag, is nie die ware Woord van God nie.

4. **Bevorder gemeenskap.**
   By die volgende nagmaal, nooi jou buurkerk of -gemeente uit om saam te om aansit.

5. **Herdefinieer die kerk**.
   Bid vir jou denominasie. Die denominasie is nie die kerk nie. Die kerk is die wedergebore Christene wat op aarde vreemdelinge is, maar saam op die voetspore van Jesus onderweg is. Die denominasie is ook wedergeborenes, maar wedergeborenes wat ’n bepaalde behoefte het aan sekere wyses van aanbidding en geestelike seremonies, maar nooit meerderwaardig nie.

6. **Bid soos Jesus.**
   Bid soos Jesus dat ons almal een mag wees, net soos die Vader en die Here Jesus een is.

Die verdeeldheid van die kerk is ’n realiteit, maar ook ’n uitnodiging om Jesus se gebed te leef. Laat ons bid, werk en hoop dat die kerk weer een mag word tot eer van Christus en ’n lig vir die wêreld.

“Die genade van ons Here Jesus Christus sy met julle almal!” **(Opb. 22:21)**

Vrae vir refleksie en gebed:

1. Hoe kan ek aktief werk aan eenheid in my geloofsgemeenskap?
2. Wat beteken dit vir my om as ’n brugbouer op te tree tussen gelowiges met verskillende oortuigings?
3. Waar hou ek vas aan my eie reg in plaas daarvan om die groter saak van eenheid te dien?
4. Hoe kan ek Christus se liefde prakties sigbaar maak aan mense buite my eie geloofsgroep?
5. Wat leer die voorbeeld van die priester in die bergkerkie my oor nederigheid en versoening?

Temas vir gebed:

1. Bid vir versoening en eenheid tussen verskillende kerklike groeperinge.
2. Dank die Here vir leiers wat die kerk opbou tot eenheid in Christus.
3. Bid vir diegene wat weens kerklike verdeeldheid voel hulle behoort nêrens nie.
4. Vra dat die wêreld deur die eenheid van gelowiges die lig van Christus sal sien.
5. Dank die Here dat Hy die Kerk bou, ondanks ons tekortkominge.

DAG 3

JESUS BID OM VERSOENING

Skriflesing:
Luk. 23v33-39

Teks:
"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."(Lukas 23v34)

Boodskap:
As jy nou hierdie kruisverhaal lees, wil jy dit met toe oë lees. Jy wil wegkyk, want in jou geestes oog sien jy die bebloede Seun van God op die naat van Sy rug lê, magteloos. Hy lê op 'n groot swaar kruishout.

Hy, wie Paassondag nog met "*Blye Hosanna's*" in die stad verwelkom is, word nou met "*Weg met Hom! Kruisig Hom!*" uit die stad verdryf. Hy, wat sonder sonde is, word nou tot sondaar gemaak. Hy, wat heilig is, word as 'n onheilige vervloek. Die Een met alle mag, lê nou magteloos op 'n kruishout. By die Prins van Vrede staan Romeinse soldate, gewapen met hamer en spykers. Hy kry wat Hy nie verdien nie. Jy moet wegkyk.

Jy kyk weg, maar jou ore hoor. Jy hoor die geluid van pyn in die hamerslae. Jy hoor die afgryse van die skare. En dan is daar 'n stem. Jy móét dit hoor. Vir baie 'n bekende stem. Dis die stem van die Man wat nou aan die kruis vasgespyker word. Maar, anders as die ander, vloek, en spoeg en skel Hy nie. Hy bid. En Hy bid ongehoord. Hy bid nie dat Sy Vader 'n legioen engele sal stuur om Hom te kom red nie. Nee, Hy bid juis die teenoorgestelde. Hy bid: "*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie*" (Luk. 23v34).

Hierdie is van die moeilikste gebede om te bid. Jy bid nié om wraak en vergelding nie. Nee, jy bid om te kan vergewe. Jy bid om versoening. Jy vra nie vir mure en tralies nie. Jy vra vir oop deure en brûe. Só 'n gebed is in die Konsentrasiekamp in Ravensbrück geskryf en gebid. Dit was in 1945 toe die nuus van die einde van die oorlog reeds rugbaar geword het. 'n Joodse gevange skryf hierdie gebed:

> *"Ek bid, Here,*
> *vir vrede vir* álle *kwaadwillige mense en volke*
> *Ek bid*
> *om 'n einde van alle wraak en alle gepraat oor straf en vergelding*

Die gruweldade wat ons hier gesien het, is meer as wat enige mens kan begryp
Daarom bid ek:
Moenie van hulle die verskriklike rekenskap eis wat hulle toekom nie,
maak tog ander berekeninge....”
(P. Naude, *Gebed*)

.... Vader, vergewe, maak tog ander berekeninge.

Dink nou aan die vrou wat op ’n daad van owerspel betrap is (Joh. 8:1-11). Die manne staan reg met klippe in die hand. Die wet van Moses sê sulke vrouens moet gestenig word! En Jesus? Nee, Jesus vergewe haar. En let op: sy het nooit haar skuld bely of selfs net “jammer” gesê nie. Jesus wil nie haar verlede sien nie; Hy wil haar toekoms sien. Moet ek en jy nie ook vergewe en ander berekeninge maak nie?

Kan ek nie ook vergewe soos die verlore seun se vader nie?

Toe die vader sy seun omhels, wil die seun nog vra dat sy hom maar net as kneg aanstel. Maar die seun kan sy belydenis nie voltooi nie, want die vader soen en versoen hom. Die vader wil nie van die verlede hoor nie. Hy wil sy seun se toekoms sien (Luk. 15:11-24). Die vader vergewe en maak ander berekeninge.

Dink ook aan Amy Elizabeth Biehl. Sy was ’n 26-jarige student aan die Universiteit van Stanford in die VSA. As ’n anti-apartheid-aktivis het sy na Suid-Afrika gekom met ’n Fulbright-beurs. Op 25 Augustus 1963 is sy in Gugulethu, buite Kaapstad, deur jeugdiges uit haar motor geruk en doodgesteek. En die gevolg? Vier jeugdiges is skuldig bevind aan moord. Maar die Waarheid-en-Versoeningskommissie het hulle vrygespreek, en Amy se ouers het die vryspraak goedgekeur. Haar pa het na Suid-Afrika gekom om sy dogter se moordenaars te ontmoet. Hy het hulle met ’n handdruk vergeef. Peter en Linda Biehl het die *Amy Biehl Foundation Trust* gestig om die opvoeding van Suid-Afrikaanse jeug te bevorder. Peter en Linda Biehl het vergewe en ander berekeninge gemaak.

Ek mag verkeerd wees, maar ek dink dit was Mark Twain wat van vergifnis gepraat het as ’n aangename geur: *“Forgiveness is the fragrance the rose geranium sheds on the heel that has crushed it.”* En dit is waar. Pluk ’n blaar van die Kaapse kusmalva, vryf en breek dit tussen jou vingers, en dit gee die heerlikste reuk.

Hoe bid ons die Gebed om Versoening?

1. **Ons bid eers vir ons medemense,** want ons is in die skuld by hulle. Die grootste skuld wat jy het om te betaal, is Goddelike liefde. Skuld liewer geld as liefde!

2. **Ons bid vir ons huwelike.** Die huwelik is die naaste wat jy op aarde aan óf die hemel óf die hel gaan kom. ’n Moeilike man het eens na sy vrou gewys en gesê: “Dis deur haar dat ek ’n stukkie van die hemel gesien het.” Maak dit ’n hemel vir mekaar!

3. **Ons bid vir ons ouers.** Ons ouerhuise moet iets van die hemel weerspieël. Ons kinders moet by ons aanvaar word, ten spyte van die dom dinge wat hulle (soos die verlore seun) soms aanvang.

4. **Ons bid vir ons kinders.** Soms verskil ons. Bid dat jou kinders sal verstaan dat die raad (en selfs kritiek) van ouers bedoel is om hulle te bevry van groepsdruk, sodat hulle hul eie besluite kan neem.

5. **Ons bid vir onsself,** dat ons ook ander berekeninge sal maak. Bid om soos Jesus te kan bid: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."*

Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! (*Opb. 22:21*)

Vrae vir refleksie en gebed:

1. Hoe reageer ek wanneer ek teëgekom word? Is ek geneig om vergelding te soek, of soek ek versoening en vrede?
2. Wie in my lewe het my seergemaak, en hoe kan ek leer om hulle te vergewe? Is ek bereid om ander berekeninge te maak soos Jesus gedoen het?
3. Hoe weerspieël my optrede teenoor ander die genade en vergifnis wat ek van God ontvang het?
4. Dra ek onnodige wrokke of bitterheid wat my geestelike groei strem? Hoe kan ek dit in gebed aan die Here oorhandig?
5. Watter deel van my lewe vra die Here om ander grense te verskuif en nuwe perspektiewe te omarm?

Temas vir gebed:

1. **Vergifnis:** Bid dat God jou sal help om ander te vergewe soos Hy jou vergewe het, en om die vryheid te ervaar wat daarmee gepaardgaan.
2. **Versoening:** Bid vir genesing in gebroke verhoudings, vir oop harte, en vir geleenthede om brûe te bou waar daar skeiding is.
3. **Genade:** Dank God vir Sy oorvloedige genade en vra dat jy dieselfde genade aan ander kan bewys.
4. **Vrede:** Bid vir innerlike vrede in jou hart en vir vrede tussen mense, gemeenskappe en nasies.
5. **Verantwoordelikheid:** Bid dat jy die moed en wysheid sal hê om jou deel te doen in die bevordering van geregtigheid en die bou van 'n hoopvolle toekoms vir ander.

DAG 4

JESUS BID DIE GEBED VAN GOD-VERLATENHEID

Skriflesing:
Mark. 15v33-39

Teks:
"*My God, my God, waarom het U My verlaat?*" (Mark. 15v34)

Boodskap:
Die Here Jesus is besig om te sterf. Hy is die oggend om 9:00 (die derde uur) gekruisig en sterf eers 6 ure later, d.w.s. om 15:00 (die negende uur). Vanuit hierdie duisternis kom daar 'n onverklaarbare uitroep: *"My God, my God, waarom het U My verlaat?"* (Jesus se moedertaal was Aramees, en nou bid Hy in Sy moedertaal: "*Eloï, Eloï, lemá sabagtani?*" – Mark. 15:34).

Kyk weer na die kruis. Die man wat aan 'n kruis hang, is God-verlate. Let op dat Jesus nie baie hoog bo die grond hang nie, maar ook nie op die grond staan of raak nie. Hierdie posisie, tussen die hemel en die aarde, wys vir ons dat Hy van mens én van God verlate is. Die aarde verwerp Hom, daarom mag Hy nie op die aarde sterf nie. Die hemel verwerp Hom, daarom mag Hy nie hoog in die hemel sterf nie. Hy hang en sterf tussen die hemel en die aarde. Hy is verlate. Nêrens is daar vir Hom 'n heenkome nie.

Hy is God-verlate. En nou verstaan jy iets van ons belydenis dat Jesus ter helle neergedaal het. Die kruis sê vir Hom: "Weg is jy, af van die aarde af!" Maar ook: "Weg is jy, uit, uit, uit die hemel uit!" Met ander woorde: "Na die hel met jou!"

Van God verlate...? Ja, dit noem ons hel. Die kerkhervormer Martin Luther het hierdie hel beleef. Hy het dit as 'n groot donkerte en twyfel beskryf. Hy het dit die duiwel genoem. Billy Graham het dit ook beleef.

In die Week van Gebed moet ons dink aan die baie mense wat ook hierdie Gebed van Verlatenheid bid. Jesus was nie die eerste, en ook nie die laaste om so te bid nie. Voor Hom het digters gebid: "My God, my God, waarom het U my vergeet en bly U ver as ek om hulp roep?" (Ps. 22:1 & 42:10). Ná Hom het ander soos C.S. Lewis die Gebed van Verlatenheid gebid, toe hy in die huwelik tree met Joy Davidman en 'n hemel op aarde vind, maar na vier jaar haar verloor. Hy bid ook hierdie Gebed van Verlatenheid:

> "Meanwhile, where is God? Go to Him when your need is desperate, when all other help is vain, and what do you find? A door slammed in your face, and a sound of bolting and double bolting on the inside. After that, silence. You may as well turn away…" (A Grief Observed, p. 4).

Die God wat wegraak as jy Hom soek, het 'n naam gekry: die "*Deus Absconditus"* ("Die God wat afwesig is"). Maar is Hy werklik die "God wat afwesig is"? Die Joodse filosoof en skrywer, Martin Buber (1878–1965), het van die afwesige God gepraat en gesê dit is omdat God met ons wegkruipertjie speel.

Ons ken mos wegkruipertjie – ons *wil* gevind word! 'n Oupa en sy kleinkinders speel eendag wegkruipertjie. Dit is oupa se beurt om sy oë toe te maak en te tel. As oupa by 10 kom, gee hy 'n waarskuwing dat hy nou gaan kom en soek. En dan tel oupa: "Nege, tien! Is julle reg?" Al die kinders kruip weg en is tjoepstil, behalwe klein Danie wat uitroep: "Hier's ek, Oupa!" En onmiddellik weet oupa waar klein Danie wegkruip. Oupa sê vir klein Danie hy moet stilbly, maar Danie bly roep: "Hier's ek, Oupa!" En toe dring dit tot die oupa deur: Danie se vreugde is om gevind te word. Klein Danie wil ook ten alle koste gevind word!

Ons ook! Maar God wil gevind word!

'n Joodse seuntjie en sy pa kom terug van die sinagoge. Die diens was maar leeg en die seuntjie vra vir sy pa: "Pappa, waarom kom die mense nie na die sinagoge toe nie? Ons was maar min." En die pa antwoord: "God speel soms met Sy kinders wegkruipertjie. Dan is dit Sy beurt om weg te kruip, maar Sy kinders vind die speletjie vervelig en stap weg. Hulle gaan nie soek vir God nie, ook nie in die sinagoge nie."

God wil ook gevind word!

Hoe bid ons die Gebed van God-Verlatenheid?

1. **Ons bid vir die eensame en verlatene onder ons**: Simone Weil (1909–1943) het 'n oop hand en hart vir haar medemense gehad. Sy het gesê daar is drie maniere om jouself onsigbaar te maak:
    - Gaan bly in die onderdorp waar jy nie tel nie. Hulle sien jou nie raak nie. Jy is onsigbaar.
    - Word siek en bedlêend, en redelik gou sal jou vriende se besoeke afneem. Jy word onsigbaar. Hulle sien jou nie raak nie. Jy is onsigbaar.
    - Word oud en gaan sit in 'n kamertjie. Jy is gou-gou onsigbaar, en hulle vergeet van jou. Jy is onsigbaar.

    Ons bid vir almal wie onsigbaar geword het.

2. **Ons bid vir ons "naastes":** In Lukas 10 vertel die Here die verhaal van 'n man op reis wat deur rowers oorval word. Daar lê die man. 'n Priester kom verby, en daarna 'n Leviet, maar hulle sien hom nie. Toe kom daar 'n Samaritaan verby, en dié help die man langs die pad. Toe vra Jesus: Wie van hierdie drie is die 'naaste'? Nie die een wat dit nodig het nie, maar die een wat dit gee. Ons bid vir elke naaste wat sien, gaan en gee.

3. **Ons bid vir mense wat nie meer bid nie, want God beantwoord nie hul gebede nie:** Die God-verlatenes sê God het die foon van die mikkie afgehaal. Wat sou gebeur as God elkeen se gebed verhoor en Hy gee wat gevra word? Al gebed wat nie beantwoord word nie, is die gebed wat nie gebid word nie.

4. **As ons in die Franse taal kon bid, sou ons vir vriende wou bid:** "*la joie du Christ*" ("die vreugde van Christus"), want Jesus het die opgewektheid drie dae later beleef. Ons sal ook!

"Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal!" **(Opb. 22v21)**

Vrae vir Refleksie en Gebed

1. Hoe beleef ek God se nabyheid in tye van donkerte? Kan ek bly vertrou, selfs wanneer Hy stil bly?
2. Wat leer Jesus se God-verlatenheid aan die kruis my oor my eie stryd en gebede? Hoe kan ek hierdie waarheid toepas in my lewe?
3. Wie in my omgewing voel tans eensaam of verwerp? Hoe kan ek hulle 'n bewys van God se liefde en teenwoordigheid wees?
4. Hoe lyk my soeke na God? Is ek bereid om aan te hou soek, selfs as dit voel of Hy wegkruip?
5. Hoe kan ek ander bemoedig wat ook voel asof God afwesig is?

Temas vir gebed:

1. **Eensaamheid en Verlatenheid:** Bid vir die wat voel hulle is alleen, verwerp of van God en mense afgesny.
2. **Goddelike Nabyheid:** Dank God dat Hy altyd getrou is, selfs wanneer ons Sy teenwoordigheid nie ervaar nie.
3. **Oop Oë en Harte:** Bid dat ons sensitief sal wees vir die nood rondom ons en bereid wees om ander se laste te dra.
4. **Volharding in Gebed:** Bid dat ons geloof nie sal wankel in tye van stilte of swaarkry nie.
5. **God se Lig in Donkerte:** Bid dat diegene wat deur moeilike tye gaan, God se lig en hoop sal ervaar, al voel Hy ver.

DAG 5

JESUS BID SY LAASTE GEBED

Skriflesing:
Luk. 23v44-49

Teks:
"*Vader, in u hande gee Ek my gees oor*" (Luk. 23v46)

Boodskap:
Ons kyk vandag na Jesus en ons kyk die dood in die oë. Die dood is vyand nommer een. Die dood word gevrees. Die dood is 'n verskrikking. Die dood beroof ons van ons tyd, terwyl daar nog so baie is wat ons wil doen. Ons kan die dood nie ontsnap nie. Die dood diskrimineer ook nie. Die dood is nie nader aan die ou man as aan die jongeling nie. Ons kan slegs die dood beveg met pille en operasies, maar ons bly nog steeds grafwaarts retireer.

En tog... en tog kan ons dit vandag waag om te sê dat die vrees vir die dood baie erger is as die dood self. Ek dink aan die bekende Duitse teoloog, Dietrich Bonhoeffer. Toe hy aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog op die 9de April 1945 uit sy sel weggeneem is vir sy teregstelling, was sy laaste woorde aan sy medegevangene: "Dit is nou die einde, maar vir my die begin."

Lukas neem ons terug na daardie Vrydag. Ons praat vandag van Goeie Vrydag, maar daardie Vrydag was 'n Donker Vrydag. Jesus het aan die kruis gehang. Hy was besig om die pynlike marteldood te sterf. Daar het 'n ongekende duisternis op Jerusalem toegesak. Die voorhangsel van die tempel het van bo na onder oopgeskeur. En toe kom Sy laaste gebed. Met Sy laaste bietjie asem het Hy hard geroep, hard genoeg sodat die God (wat Hom sou verlaat het) sou kon hoor en kom. En Jesus bid tot God: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor."

En só is dit om dood te gaan. Nee, jy verloor nie jou lewe nie. Jy gee dit oor in God se hande vir veilige bewaring. Dit is presies wat Jesus gedoen het. Daarom kon Hy sterwend, tog steeds triomfantelik uitroep: "*Tetelstai, Dit is volbring!*" (Joh. 19:30).

Nou mag ons vra: Hoe is doodgaan? En die antwoord is om te kyk na Jesus se doodgaan. Só moet ons doodgaan. Jesus het Sy Gees vir Vader gegee. Die gewilde Henri. Nouwen kyk na Jesus se doodgaan en hy vergelyk ons doodgaan met twee sweefstokartiestes. Kyk hoe hoog en sierlik swaai hulle daar bo in die

sirkustent, maar dan kom daar dié oomblik dat die een moet los en die ander moet vang. Die een moet die stok los en hande gee. Die ander moet die uitgestrekte hande vang en neem. Só het Jesus van die kruis tot in Sy Vader se hande geswaai.

Doodgaan is om, soos Jesus, jou lewe vir Vader terug te gee. Die dag toe jy gedoop is, het daar ‘n eienaarsverwisseling plaasgevind. Met jou doop het jy die kind van jou hemelse Vader geword. Jy het Vader se eiendom geword. En die doop is die teken en bewys van eienaarskap. Jy behoort, en jou enigste troos is dat jy met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan jouself nie, maar aan jou getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort (Heidelbergse Kategismus 1/1).

Die dood kan jou nie van jou lewe beroof nie, want jy het nie meer ‘n lewe nie. Dit is God se lewe. En in Romeine 8 lees ons dat die dood geen houvas op jou het nie. Jy hoef die dood nie te vrees nie. Geen lewe of dood, geen engele of magte, of enigiets kan jou van die liefde van God skei nie. Nee, beslis nie die dood nie (Rom. 8:38-39). ‘n Bekende teoloog met die naam van Bavinck het Romeine 8 geken. Op sy sterfbed was sy laaste woorde: “*Nou is dit net ek en Jesus*.”

‘n Volgende vraag is dan: Wat gebeur met die doodgaan? Henri J.M. Nouwen gee weer ‘n goeie beeld. Verbeel jou ‘n tweeling nog in die moederskoot. Sussie sê vir Boetie sy glo daar wag ‘n wonderlike lewe op hulle. Boetie sê dit is bog. Sussie sê vir Boetie sy glo daar wag ‘n liefdevolle mamma en pappa vir hulle. Boetie sê dit is bog, want sy kan dit nie bewys nie. En na nege maande kom die geboortepyne. Daar word gedruk en geknyp, en die Boetie kla: “Waarom ly ek so? Waarom gebeur dit met my? Waarom word ek so gestraf?” En dan kom die geboorte. En daar is ‘n moeder en ‘n vader wat die Sussie en Boetie verwelkom. Daar is ‘n nuwe lewe. (En straf? Nee, dalk net ‘n ligte klap op die bout sodat hy kan asem haal.) Só is doodgaan!

Doodgaan is om te ontslaap. Die Bybel praat ook van doodgaan as “ontslaap” (1 Tess. 4:14). As jy vanaand in jou bed klim, raak jy aan die slaap. Van die aan-die-slaap-raak weet jy nie. Al waarvan jy bewus is, is dat jy wakker geword het. So het jy ontslaap, dit wil sê, wakker geword. En so mag ons ook aan die dood dink. Jy sal net in ‘n nuwe hemelse dimensie wakker word. Ons praat dus nie van mense wat gesterf het nie, maar eerder dat hulle ontslaap het.

Hoe bid ons vir die sterwendes?

1. **Ons bid vir die lydendes wat worstel met God:** By sommiges begin hulle lyding met ‘n klag oor swakheid, oor pyn, oor waardeloosheid, maar dan word die klag ‘n aanklag. Hulle reken: Óf die Almagtige wil nie, óf die liefdevolle God kan nie. Is die almagtige God almagtig? Is die liefdevolle God liefde? Maar – en belangrik – siekte en lyding is nie God se straf op ons nie. Jesus het juis gekom om die straf van ons skouers af te haal en dit op Sy skouers te plaas.

2. **Ons bid vir die twyfelaars, mense wat wil glo, maar nie kan glo nie:** Albert Camus was ‘n Franse filosoof en ‘n Nobelpryswenner, maar ook ‘n uitgesproke ateïs. Na sy dood in 1960 ontdek hulle ‘n gebed in sy laai. Camus bid: “Here, ek is eensaam. Wanneer die dag van my laaste reis sal

aanbreek, en die skip vertrek wat nooit weer terugkeer nie, sal U my aan boord sien. ‘n Mens met slegs skamele bagasie, en byna naak... Wees barmhartig, en stem tog in om my te help.” (Die Groot Gebedeboek, Piet Naudé). Albert Camus is nie alleen nie. Daar is baie ander soos hy.

3. **Ons bid vir hulle op hulle laaste:** Mag hulle laaste gebed ook wees: “*Vader, in U hande gee ek my gees oor.”*

Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal! **(Opb. 22:21)**

Vrae vir Refleksie en Gebed:

1. Hoe bejeën ek die idee van die dood? Het ek vrede met die werklikheid van sterf?
2. Hoe verstaan ek die dood in die lig van Jesus se dood? Wat beteken dit vir my om my gees in God se hande oor te gee?
3. Wat is my grootste vrees in die gesig van die dood? Hoe kan ek dit oorkom deur God se teenwoordigheid en liefde?
4. Hoe ervaar ek lyding in my eie lewe? Hoe kan ek die pyn en struikelblokke met ‘n geloof in God se teenwoordigheid hanteer?
5. Hoe kan ek bid vir diegene wat in die laaste fase van hul lewe is? Hoe kan ek hulle ondersteun met gebed en liefde?

Temas vir Gebed:

1. **Vrede in die gesig van die dood**: Bid vir die moed om die dood te bejeën en vrede te hê in die wete dat God die uiteindelike beheer het oor die lewe en die dood.
2. **Vertroue in God se sorg**: Bid vir die vermoë om in alle omstandighede, insluitend in die gesig van dood en lyding, God se sorg en eienaarskap van ons lewens te vertrou.
3. **Geneeskap vir die lydendes**: Bid vir diegene wat in pyn of siekte is, dat hulle die teenwoordigheid van God sal ervaar en hul lyding in die lig van Christus se opofferings sal verstaan.
4. **Geloof in die hiernamaals**: Bid vir diegene wat twyfel of hul geloof in God beproef word, dat hulle die hoop en vertroosting van die belofte van die lewe na die dood sal ervaar.
5. **Vir die sterwendes**: Bid vir diegene wat aan die einde van hul lewens is, dat hul laaste woorde en gebede vol vrede en vertroue in God sal wees: “Vader, in U hande gee ek my gees oor.”

DAG 6

ONS BID DIE ONS VADER

Skriflesing:
Luk. 11v1 en Matt. 6v9-13

Teks:
"*Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: "Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het*." (Luk. 11v1)

Boodskap:
Daar is nog een gebed oor, en dit is die gebed wat die Here Jesus ons geleer het om te bid, die Ons Vader, en in 500 tale wêreldwyd gebid.

Ons almal worstel op een of ander manier met gebed. Rabbi Alfred J. Kolatch illustreer hierdie dilemma in sy *The Jewish Book of Why*. Die vader en seun gaan na die sinagoge vir die Rosh Hashana diens. Ná die liturgiese gebed moet elkeen die gebed met 'n sterk Amen bevestig. Maar die arme seun het 'n spraakgebrek gehad en kon nie praat nie, en nog minder "Amen" sê. Toe die gemeente "Amen" sê, haal die seun 'n fluitjie uit sy sak en hy blaas! Die pa is verleë en bestraf die seun, maar die rabbi kom tot die seun se redding, "Jou seun se fluit is ook vir God aanvaarbaar. Dis gebed. God glimlag."

Vandag vra die dissipels dat Jesus hulle sal leer om te bid (Luk. 11:1). Moontlik het hulle gevra 'om reg te bid', want gebed is universeel. Daar is mense wat baie bid, soos Martin Luther wat blykbaar 2 tot 3 ure aan gebed afgestaan het. En dan was daar bidders soos John Wesley se toegewyde vrou. Susannah het nie 'n binnekamer gehad nie. Sy het net by haar kombuistafel gesit, maar met die voorskoot oor haar kop. Geen kraai of kind het haar onderbreek nie.

En Jesus leer Sy volgelinge om te bid: "Ons Vader..." Die Ons Vader gebed was vir die vroeë kerk 'n gebed wat met groot respek en agting gebid is. In die erediens het die priester (of liturg) eers gebid en gevra dat die Here hulle waardig sal maak om die Ons Vader te bid. Dit is nie 'n gebed wat sommer spontaan gebid word nie.

Die Ons Vader gebed was ’n kenteken van die gelowige. Slegs gelowiges wie belydenis van geloof afgelê het, gedoop is én toegang tot die Nagmaalstafel gehad het, kon hierdie gebed bid. Net hulle.

Vader:

Die gebed word gerig aan God as Vader. In die Ou Testament is daar enkele kere na God as ‘n Vader verwys (14 maal), maar nou kom Jesus en gee Hy ons die reg om die heilige God as ‘Vader’ aan te spreek. Interessant genoeg sê Jesus ons moet God as ‘Abba’ aanspreek. Abba is die Aramese woord vir Vader, en Jesus se eerste taal was Aramees. Onmiddellik bring hierdie gebed mens en God baie na aan mekaar, soos ‘n Vader (pappie) en kind.

Ons:

As God jou Vader is en as God ook my Vader is, dan is ons broers en susters, familie. Die kinders van God is familie, en God se familie is die kerk (Gal. 3:28). Dit vra – soos in alle families – dat ons mekaar aanvaar ten spyte van ons verskille en dat ons mekaar sal bystaan in tye van nood (Gal. 6:2).

Laat Vader se Naam geheilig word:

Vader se Naam is nook. ‘n Naam sê wie jy is. Dink byvoorbeeld aan die naam Adam, Dawid, Paulus, of Tutu nook Mandela. Vader se Naam sê Wie Hy is – die Almagtige, die Skepper God. Sy heilige Naam mag nooit as ‘n kragwoord gebruik word nie. Vader se Naam word slegs gebruik in aanbidding en lofprysing, nook wanneer jy Vader nodig het en na Hom roep.

Laat Vader se koninkryk kom:

As ons hierdie bede bid, stem ons vir God se koninkryk bo enige politieke koningryk, of selfs bo my eie klein koninkryk. As Vader se koninkryk moet kom, moet my koninkryk gaan! Vader moet Koning wees, en Hy alleen. Aan Hom alleen bly ek lojaal.

Laat Vader se wil geskied:

Hierdie is ‘n Getsemane gebed. Jesus het in Getsemane gevra dat die lydensbeker by Hom verbygaan, maar nie Sy wil nie, Vader se wil. Vader wil hê dat alle mense gered word, dat die nuwe hemel en die nuwe aarde weer gevestig sal word.

Ons daaglikse brood:

Gee ons asseblief alles wat ons vandag nodig mag hê. David J. Bosch gee ons ‘n paslike aanhaling: *“O God, to those who have hunger, give bread; and to us who have bread, give the hunger for justice”* (Matt. 14:16).

Vergewe ons:

As Vader my vergewe het, wie is ek om nie die ander te vergewe nie?

Laat ons nie in versoeking kom nie:
Ons is ook maar net mense. Ons mag dink ons staan, maar ons kan ook val (1 Kor. 10:12-13).

Kom ons bid die Ons Vader in die Afrikaans van die Noord-Kaap en soos opgeteken deur P.J. van den Heever:

Onse Vader
wat doer êrns vêr bo in die bloulug is,
diese warm dag wil ikke op myse kniege tot U kom bid:
Lat U se koningskap tog by ons kom,
en lat U se grootheid hier tissen ons staan gemaak kan worre,
en lat U se wil gebeure doer bo by U rond,
net so gebeure hier by ons Boesm'land se grond.
Gee ons vandag onse tjai-impie kos
en vergewe ons, onse sondige gemors,
sos ons die ander minse sin vergeef.
Here lat die kwaad doen goerterse wye draaie om ons loop
en gee tog samblief Here lat die duwel nie naby kom nie.
Die minse doen sulke lelike goerters teen my,
maar help tog samblief dat ik dit nie sal raak sien nie,
dan sal U mos ok nie myne raak sien nie.
U is vir altyd en vir altyd.
Amene my groot Kroon.

"Die genade van onse Here Jesus Christus sy met julle almal!" **(Opb. 22:21)**

Vrae vir refleksie en gebed:

1. Wat beteken dit vir jou om God as jou Vader aan te spreek? Hoe beïnvloed dit jou verhouding met Hom?
2. Hoe ervaar jy die idee van gebed as 'n familiebond, en wat beteken dit om ander as jou broers en susters te sien in die geloof?
3. Wat beteken dit om God se Naam te heilig, en hoe kan jy dit in jou daaglikse lewe praktyk bring?
4. Hoe kan jy jou lojaliteit aan God se koninkryk in jou besluite en aksies weerspieël?
5. Wat is die impak van die gebed "Laat Vader se wil geskied" op jou eie lewe, veral wanneer jy nie die antwoord op gebede kry wat jy verwag het nie?

Temas vir gebed:

1. **Lyding en Vrede**: Bid vir diegene wat in lyding is, dat hulle in God se liefde en vrede mag rus, selfs in die middel van uitdagings.
2. **Verhouding en Gemeenskap**: Bid vir unity en liefde in die geloofsgemeenskap, dat broers en susters in die geloof mekaar sal ondersteun en aanvaar.
3. **Heiliging van God se Naam**: Bid dat ons lewens die heiligheid van God se Naam weerspieël en dat ons Hom met respek en eerbied aanroep.
4. **God se Koninkryk en Wil**: Bid dat God se koninkryk op aarde sigbaar mag wees en dat sy wil in ons lewens en in die wêreld mag geskied.
5. **Vergewing en Versoening**: Bid vir die genade om ander te vergewe, soos wat ons deur God vergewe is, en dat ons vrede sal bring in verhoudings wat gebroke is.